Jesus roep jou om ’n absoluut gehoorsame, selfopofferende en vreeslose volgeling van Hom te wees.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Sb 1 - 2: 1, 2, 3
Lied 215: 1, 2, 3, 4, 5;

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 110 - 3: 1, 2
Votum
Seën
Loflied Ps. 116 - 2: 1, 5, 6, 7
Geloofsbelydenis: 12Artikels

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20
Sing Ps. 119 - 1: 19, 20
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Matteus 4: 18 – 22
Lukas 6: 12 - 16
Matteus 28: 16 - 20.
Teksverse: Matteus 4: 18 - 22
Sing Sb 14 - 4: 1, 2, 3, 4 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Bevestiging van ouderling – Neels Coetzer
Sing Ps. 134-1: 4
Liefdegawe
Sing Sb 14 - 1: 1, 2;
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

As iemand jou sou uitvra oor jou geloof en by jou wil weet wat noem jy jouself of jou geloof, wat sal jy sê? Ek dink die meeste van ons sal antwoord: ek is ŉ Christen. En dit sou reg wees. In die Bybel word die benaming "Christene" vir die eerste keer in Handelinge 11 gebruik om mense wat in Christus glo te onderskei van heidene en van Jode. Dis interessant dat die heidene die lidmate van Antiogië so genoem het en dat gelowiges nooit hulleself so genoem nie – Slegs Petrus gebruik die woord Christen wanneer hy van vervolging deur die heidene praat.

In die Bybel vind ons ander name of begrippe waarmee gelowiges hulleself benoem het soos volk van God, dissipels, apostels, gelowiges, heiliges, broers, mense van die weg, lewende stene, ledemate van Christus, ens. Hierdie begrippe dui baie meer op die verhouding waarin die mense tot Jesus en dus tot God gestaan het.

Die benaming Christen is dus ŉ naam wat jou onderskei van enige ander tipe geloof soos die Joodse geloof of enige ander valse geloof wat nie in God glo nie of op ŉ verkeerde manier in God glo. Ons kan ons self Christene noem want ons dra Christus se naam.

Maar, brs en srs, in die moderne tyd het die naam "Christen" ŉ geweldige breë en omvattende begrip geword wat eintlik niks sê van die persoon se verhouding met God nie. Daar is ŉ klomp mense wat hulle vandag self Christene noem, maar wat glad nie in ŉ verhouding met God deur Christus leef nie, glad nie deel van die kerk is nie en wie se lewe nie daarvan getuig dat hulle waarlik deur Jesus in God glo nie. En onder Christene is daar vandag nog so geweldige verdeeldheid dat jy jou Christenskap verder moet kwalifiseer as Protestants, Rooms, Charismaties, gereformeerd, ens, ens!

Om jouself dus vandag ŉ Christen te noem is eintlik niksseggend! Die moderne mens het geen begrip van wat dit beteken om God te dien nie en daarom moet ons ŉ bietjie nadink oor wat ons onsself eintlik wil noem as iemand ons vra! Watter Bybelse benaming of begrip sou ons kon gebruik om daarmee dadelik te kan sê in watter verhouding ons met God staan? Hierdie begrippe of benaming, geliefdes, gaan ons ook leer oor ons ware identiteit as gelowiges! Wie en wat is ek regtig? En leef ek die regte identiteit as gelowige uit?

Ons gaan in die volgende paar preke hierna kyk en vandag fokus ons op die Nuwe Testamentiese begrip "dissipel". Dit is die eerste woord in die Nuwe Testament waarmee daar na Christus se volgelinge verwys word en gewoonlik dink ons – wanneer ons hierdie woord hoor – aan die 12 dissipels wat Christus geroep om die intieme kring van sy volgelinge te wees soos ons dit in die tekste vanmore gelees het!

Wat gaan ons dan vanmore hoor? Ons gaan hoor: Jesus roep jou om ŉ absoluut gehoorsame, selfopofferende en vreeslose volgeling van Hom te wees!
Ja, Jesus het nie net destyds 12 dissipels geroep om Hom te volg nie. Hy roep vandag nog mense om sy dissipels te wees! En vanmore roep Hy my en jou sy dissipel te wees! Iemand

wat Hom met absolute gehoorsaamheid volg! Iemand wat sy lewe opoffer om Jesus te volg en iemand wat vreesloos doen wat Jesus hom of haar beveel! Br en sr, aan die einde van die preek moet ek en jy vir onsself kan vra: Kan ek myself ook ŉ dissipel van Christus noem?

Ons gaan 3 sake bedink:
1. Die begrip dissipel in die Nuwe Testament.
2. Hoe Jesus hierdie begrip op sy dissipels toegepas het.
3. Hoe ek en jy dissipels kan wees.

Die begrip of benaming "dissipel" was ŉ baie bekende begrip in die Nuwe Testamentiese tyd waarby Jesus aangesluit en gebruik het. Die letterlike betekenis van die woord is "leerling" of soos ons vandag praat van "leerder" of "student"! Iemand is ŉ dissipel – leerling - genoem wanneer hy homself by ŉ bekende en gerekende leermeester se skool ingeskryf het.

In die Joodse godsdiens en tradisie het daar na aanleiding van die priester Esra, wat ŉ skrifgeleerde of kenner van die wet was, ŉ groep mense ontstaan wat hulleself as skrifgeleerdes gekwalifiseer het. In die periode tussen die Ou Testament en Nuwe Testament het hierdie groep mense ŉ geweldige sterk en leidende rol in die Joodse godsdiens ingeneem.

Die Hebreeuse woord vir hierdie leermeesters is "rabbi" en hulle is ook as "Rabbi" – "onderwyser of professor in ons konteks- aangespreek. Hierdie tradisie van leermeesters is later Rabbyne genoem en hulle was die professionele professors van die Joodse godsdiens en het hulle verdiep in die Wet en as kenners van die Ou Testament.

In Jesus se tyd was daar verskillende groepe van hierdie Skrifgeleerdes soos die Fariseërs en die Sadduseërs wat oor sekere dinge van mekaar verskil het. Bekende rabbi's in Jesus se tyd was Gamaliël, Hillel en Sjammai! Joodse mans wat verder wou leer in die Ou Testament het dan by hierdie rabbi's gaan inskryf om hulle leerlinge te word en hulle is "dissipels" genoem! As hulle goeie leerlinge was en die onderrig suksesvol voltooi het, is hulle op 40 jarige ouderdom deur die Rabbi's hande opgelê en is dan nie meer ŉ dissipel of leerling genoem nie, maar ŉ Skrifgeleerde. Ons lees ook dat Johannes die Doper sulke dissipels gehad het wat hy onderrig het.

Nou kom ons so bietjie nader aan die boodskap van vandag! Daar was twee uitstaande kenmerke van dissipels van daardie tyd.
1. Hierdie dissipels of leerlinge moes alles wat hulle gehoor en geleer is, uit die kop leer en presies so kon weergee vir die rabbi. Niks was op skrif nie – alles is uit die kop woord vir woord geleer! Lang stukke uit die Ou Testament en die uitleg daarvan deur die professors moes so geleer word en weergegee word! Die Rabbi se woord was wet! Dis is as waarheid aanvaar en jy moes dit presies ken en kon opsê!

2. Maar so ŉ dissipel moes ook die leefwyse van sy leermeerster navolg! Die manier van leef, sy optrede in die openbaar, die manier waarop hy gedink en gepraat het, moes nagevolg

word. Die manier waarop hy ander mense hanteer het, die manier waarop hy sy godsdiens beoefen het – dit alles moes die dissipels presies navolg! Hulle moes dus ’n nuwe leefwyse aanleer – die van hulle leermeester! Hulle moes die leefwyse van die rabbi navolg! Hulle moes soos hulle rabbi lewe!
Brs en srs, wanneer Jesus dus in ons teksverse vir Petrus en die ander sê: “Volg my”, het hulle presies geweet wat Hy bedoel! Dit was “rabbi- en dissipel-taal! Hulle het presies geweet wat dit beteken en wat dit gaan behels! Die enigste verskil is net: hulle het nie uit eie keuse gaan inskryf vir hierdie kursus nie – Jesus roep hulle! En die unieke is: hulle is gewone mense wat ’n eenvoudige beroep beoefen – hulle is vissermanne van beroep! Dit was hulle daaglikse werk en nou kom hierdie Rabbi en nooi hulle uit om soos dissipels hom te volg!

Want geliefdes, dis hoe God werk! Hy roep mense tot geloof deur sy Woord! Ons kies Hom nie – Hy kies ons! Jesus kies sy dissipels – die eerstes wat Hom moes volg en wat by Hom as Rabbi moes leer! Want Christus was en is mos die Woord van God. So leer Johannes ons in Johannes 1! Christus was die lewende Woord wat God se waarheid en God se liefde aan die mens kom bekend maak het! Hy was die Groot Leermeester wat die Woord van God presies geken en presies geweet het wat God daarmee bedoel het! Hy was die en wat God se Woord presies uitgeleef het!

Dis waarom die mense so verstom gestaan het oor Jesus se onderrig en preke! Die seun van ’n skrynwerker uit Nasaret – maar hy leer mense soos geen ander Rabbi wat hulle nog ooit gehoor het nie! Dis die rede waarom die skares agter Jesus aangeloop het en aan sy lippe gehang het! Dis waarom die Fariseërs en ander Skrifgeleerdes so jaloers was en Hom wou doodmaak!

So roep Jesus hierdie dissipels en hulle het presies verstaan wat dit sou beteken: volkome gehoorsaamheid aan die woorde van Jesus – hulle moes dit leer en ken! Hulle moes hulle eie lewenswyse nou prysgee en moes Jesus se leefwyse aanleer en navolg! En hulle sou ander mense moes gaan haal om ook soos dissipels van Jesus te wees – absolute gehoorsame volgelinge! Mens wat presies doen wat die Rabbi jou leer! Sy leringe moet vas lê in koppe en hulle moes dit presies kon naleef! Hulle moet hulle eie lewe opoffer en die Rabbi in alles gehoorsaam en volg!

En dit sou geweldig baie van hulle eis! Luister na Rabbi Jesus se lering aan sy dissipels – sy lering aan jou en my vanmore:
Mat 10:24: “’n Leerling is nie hoër as sy leermeester en ’n slaaf nie hoër as sy eienaar nie. Wanneer jy Jesus volg, dien jy hom – Hy staan nie in jou diens nie!

Mat 8:19–22: ’n Skrifgeleerde kom toe nader en sê vir Hom: “Meneer, ek sal u volg waar u ook al gaan.” [20]Jesus sê vir hom: “Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens ’n rusplek vir sy kop nie.” [21]Iemand anders, een van sy dissipels, sê vir Hom: “Here, laat my toe om eers terug te gaan en my pa te begrawe.” [22]Maar Jesus antwoord hom: “Volg My, en laat die dooies hulle eie dooies begrawe.”

Om ’n dissipels van Jesus te wees beteken opoffering en volkome toewyding!

Lukas 9: 23–27: [23]Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, [24]want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit behou. [25]“Wat help dit ’n mens as hy die hele wêreld as wins verkry, maar homself verloor of te gronde gaan? [26]Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlikheid en die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele.

Om ’n dissipel van Jesus te wees beteken swaarkry en beproewing gaan deel van jou lewe wees! Jy moet vir alles ten volle op Jesus vertrou – dan sal Hy jou alles gee wat jy nodig het! Geen woord van wat in die Bybel staan moet jy jou voor skaam nie – inteendeel soos ’n goeie dissipel moet jy die woord vir woord ken en dit presies uitleef!

Lukas 6:46–49 [46]“Watter sin het dit dat julle My aanspreek met ‘Here, Here!’ en nie doen wat Ek sê nie?
’n Dissipels van die Here sê nie net dat sy of hy in Jesus glo nie – hulle doen presies soos Hy hulle leer!

Matthew 13:51–52 [51]“Verstaan julle al hierdie dinge?”
“Ja,” antwoord hulle Hom. [52]Hy sê toe vir hulle: “So is elke skrifgeleerde wat ’n leerling word in die koninkryk van die hemel, soos ’n huiseienaar wat uit sy voorraad nuwe en ou dinge te voorskyn bring.”

Dissipels van Jesus bly leerlinge van die Woord en delf daaruit altyd nuwe geestelike voedsel waarmee hulle hulleself en ander voed.

Br en sr en liewe kinders, sien julle dat die benaming “dissipel” ons baie dieper neem in ons verhouding met God deur Jesus Christus ons Here! Kan ek en jy vanmore onsself ook “dissipels” noem? Absolute gehoorsame en selfopofferende leerlinge en navolgers van Jesus?

Ja, ons kan! Want God het ons nie net deur Jesus geroep om sy dissipels te wees nie – Hy het ons ook toegerus dat ons dit kan wees! Hoekom dink julle het die dissipels dadelik alles net so gelos? Hulle hele lewe en beroep as vissermanne opgegee en Jesus gevolg? Want God die Heilige Gees het aan hulle ’n innerlike oortuiging gegee om Jesus te volg!

Wanneer die Here jou deur sy Woord roep, dan skenk Hy ook aan jou die Heilige Gees wat in jou kom woon en werk! Wat aan jou as dissipels van Jesus die innerlike wil en krag gee om ’n ware dissipel van Christus te wees! Natuurlik het die dissipels van Jesus baie hiermee geworstel – natuurlik het ook nie in alles gehoorsaam nie! Baie van sy breë dissipelkring het nie kans gesien vir alles wat Jesus van hulle gevra het nie en het Hom verlaat! Sy eie dissipels het hom verraai!

Want hulle moes ook eers leer en glo dat Jesus meer is as die beste Joodse Rabbi! Hy is waarlik die Seun van God, hulle Verlosser en Saligmaker. Hy is die een wat aan die kruis gaan sterf om vir al hulle sondes te betaal en Hy is die een wat uit die dood gaan opstaan om aan hulle ŉ nuwe lewe te skenk! Daarom moes hulle eers die kruis beleef voordat hulle ware dissipels kon word! Daardie genade van Christus moes hulle eers deelagtig word!

Daarom, na sy opstanding, toe hulle die wonder van die opstanding sien en oortuig geword het dat Jesus waarlik God is en na uitstorting van die Heilige Gees, het hulle vreeslose volgelinge van Hom geword. Het hulle sy opdrag uitgevoer en na ander mense gegaan, hulle van Jesus vertel en hulle ook navolgelinge van Jesus gemaak!

Br en sr, Jesus leef vandag ook hier! Hy is nie onaktief in die hemel nie! Ja, ek en jy word ook vanmore weer deur Jesus geroep om opnuut ons lewe aan ons Rabbi toe te wy! Om weer opnuut gehoorsame leerlinge te wees! Om met selfopoffering ons eie wil neer te le en Hom in alles na te volg! En om vreesloos sy Woord te verkondig en te leef sodat ons ander ook kan laat deel aan die heerlike verlossing wat Hy aan ons gegee het!

Amen